higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

10 November 2022 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Lees die volgende scenario aandagtig en beantwoord die vrae:

MAAK VAN KOEKE NOU 'N VORM VAN KUNS

Net soos partytjietemas en vieringe ontwikkel het, het koeke. En wat is 'n partytjie sonder 'n koek? Die dae wat mense na die geriefswinkel gejaag het om 'n massaproduksiekoek te kry om dit te vier, is verby. Deesdae is koeke 'n ernstige besigheid.

Lucia Molefe, mede-eienaar van Mokgalaka Creation, 'n fynbakbesigheid, het gesê die huidige tendens 'is koeke met sjokolade, karamel of sjokolade-ganache wat aan die kante van die koek afloop, met 'n paar vars blomme en dalk sjokolades en aarbeie. Mense is op die oomblik dol daaroor. Dit is die tendens vir verjaarsdae en selfs troues.'

Molefe is die afgelope 13 jaar in die koekmaakbesigheid. Sy het haar werk as maatskaplike werker by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelos en sy sê sy het verlief geraak op die kunstigheid daarvan. 'Dis 'n liefde vir kunswerke, die liefde daarvoor om goed met my hande te skep, wat my van my voltydse werk weggedryf het na wat ek nou doen,' het sy gesê.

In haar vorige werk het Lucia baie maatskaplike probleme hanteer en selfs vir paartjies berading gegee. Sy sien nou nog paartjies, maar vir 'n baie gelukkiger rede. 'Ek werk nou met dieselfde mense – paartjies – maar op 'n ander manier. Ek bedien hulle nou om hul droomtroue te skep.'

'Ons is deel daarvan om hul droomtrouereis te skep deur 'n koek.'

[Sowetan, 16 Julie 2019]

VRAAG 1

1.1 Lucia bestuur haar besigheid in 'n vryemarkstelsel.

Gee VIER nadele van hierdie stelsel. (4)

1.2 Lucia en Mokgalaka bestuur 'n vennootskapbesigheid met die naam Mokgalaka Creation.

Noem VYF voordele van hierdie vorm van eienaarskap. (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die vergoeding vir die produksiefaktorkapitaal is …

1.3.2 … is 'n ontasbare voordeel van behoeftebevrediging.

1.3.3 Die maksimum aantal lede wat 'n beslote korporasie (BK) kan vorm, is …

1.3.4 Bates met 'n lewensduur van meer as 'n jaar, word … genoem.

1.3.5 'n … is 'n begeerte of hunkering na iets wat bevrediging gee.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.4 Stel ’n vraelys op met DRIE vrae wat Lucia kan gebruik om uit te vind waarvan haar kliënte van haar besigheid hou. (3 × 2) (6)

1.5 ’n Kliënt wil dalk in die toekoms vir Lucia kontak.

Stel ’n besigheidskaartjie op wat dit vir hulle makliker sal maak om haar te kontak.

LET WEL: Hierdie besigheidskaartjie kan op die voorblad van haar sakeplan gebruik word. (5 × 1) (5)

[25]

VRAAG 2

2.1 Noem die inhoud wat by die finansiële plan ingesluit moet word wanneer ’n sakeplan opgestel word. (6 × 1) (6)

2.2 Noem VYF aktiwiteite van sake met verskaffers doen wanneer voorraad aangekoop word. (5)

2.3 Gee die produksiefaktor vir die volgende twee vergoedings:

2.3.1 Huur

2.3.2 Lone

(2 × 1) (2)

2.4 Die afkorting LBS ('PAYE') staan vir … (1)

2.5 Lucia wil toerusting vir haar besigheid koop. Sy sal 12% afslag kry as sy kontant betaal. Die koste is R12 400,00.

2.5.1 Hoeveel is die afslag?

2.5.2 Hoeveel sal sy ná afslag vir die toerusting betaal?

(2 × 2) (4)

2.6 Noem DRIE hulpbronne wat Lucia moet hê om suksesvol te wees in haar besigheid. (3)

2.7 Watter van die volgende uitgawes is 'Vas' of 'Veranderlik' in Lucia se besigheid?

2.7.1 Lone vir tydelike personeel

2.7.2 Paaiement op afleweringsvoertuig

2.7.3 Huur

2.7.4 Elektrisiteit en water

(4 × 1) (4)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Bespreek die SEWE stappe van die aankoopprosedure. (7)

3.2 Verminder R461,20 met 25%. (3 × 1) (3)

3.3 Noem VYF maniere waarop Lucia kan probeer om haar kreatiewe denke te verbeter. (5)

3.4 Noem SES funksies wat Lucia as ’n entrepreneur het. (6)

3.5 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

debiteure; kontantvloeibegroting; publisiteit; winsdrempelontleding; intrapreneur; navorsing; inkomstestaat; entrepreneur

3.5.1 Borg fondsinsameling

3.5.2 ’n Persoon wat hul eie besigheid begin

3.5.3 Die rekening van alle kliënte wat jou geld skuld en op krediet koop

3.5.4 Staat wat jou help om kontanttekorte te verhoed

(4 × 1) (4)

[25]

VRAAG 4

4.1 Noem DRIE metodes wat Lucia kan gebruik om winkeldiewe te identifiseer. (3)

4.2 Lucia belê R25 000,00 in ’n vaste deposito teen ’n enkelvoudige rentekoers van 6,75% per jaar, vir vier jaar by ’n bank.

Bereken die rente wat sy sal verdien.

FORMULE: $\frac{P \times r \times t}{100}$

(4 × 1) (4)

4.3 Gee VIER voordele van doeltreffende voorraadbeheer wat Lucia moet oorweeg, wat ’n invloed op die wins van haar besigheid sal hê. (4)

4.4 Noem VYF verskillende bronne van bedryfskapitaal. (5)

Kopiereg voorbehou

4.5 Lucia het omtrent 200 kliënte wat haar besigheid besoek. Die gemiddelde inkomste per jaar per gesin beloop R15 000,00. 'n Kliënt spandeer gemiddeld 25% op koeke. Lucia is oortuig dat sy 'n markaandeel van 10% sal kry, aangesien daar ander besighede is.

Bereken die potensiële randwaarde van haar markaandeel. Wys al die berekenings. (3 × 2) (6)

4.6 Gee DRIE voordele van 'n outomatiese tellermasjien. (3)
[25]

VRAAG 5

5.1 Noem TWEE tipes risiko's wat 'n entrepreneur in die sakewêreld kan teëkom. (2)

5.2 Noem die veiligheidsvoorsorgmaatreëls wat Lucia moet implementeer om kontant doeltreffend te hanteer in die bedryf van 'n sakeonderneming. (6 × 1) (6)

5.3 Vermeerder R675,00 met 10%. (3)

5.4 Onderskei tussen *stapelprodukte* en *impulsprodukte* en gee 'n voorbeeld van elk. (2 × 2) (4)

5.5 Noem die stappe in 'n eenvoudige sakesiklus. (6 × 1) (6)

5.6 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.6.1–5.6.4) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

5.6.1 Juwele is 'n voorbeeld van 'n kulturele behoefte.

5.6.2 Personeelvoorsiening is die vermoë om die regte mense vir die verskillende poste in die onderneming aan te stel.

5.6.3 Demografiese segmentasie is wanneer kliënte volgens hul ouderdom, inkomste en beroep rangskik word.

5.6.4 Verbruikersmarkte gebruik verskeie materiale om produkte te vervaardig.

(4 × 1) (4)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou